Negester
# STERRELIG
Nuusbrief van Negester Klein-Kariba Huiseienaarsvereniging
Jaargang 4 No 2, Februarie 2022



## Wysheid of Grysheid

Gedurende Januarie is ek Pretoria toe vir 'n doktersafspraak. Ek is redelik seker julle almal weet dat dit 'n hele dag neem, omdat jy moet sit en wag en dan stuur die dokter jou rond vir allerhande toetse, ens. Maar dis nie waaroor ek wil praat nie. Terwyl ek in die wagkamer van die dokter sit, kyk ek na die televisie in die wagkamer en ek hoor die een persoon sê dat die wêreld 'n paradigmaskuif moet maak ten opsigte van Covid 19. Op daardie oomblik sê die ontvangsdame ek kan deurstap na die dokter, dus sien ek ongelukkig nie die res van die program nie.

Terwyl ek heelwat later terugry huis toe, dink ek aan 'n kursus: "The 7 Habits of Highly Effective people" van Stephen Covey, wat ek bygewoon het baie jare gelede. Stephen Covey het later nog 'n boek (en kursus) geskryf "The 8th Habit from Effectiveness to Greatness." Die goue lyn wat deur die kursusse en boeke loop is die: paradigmaskuif. Ek wil baie graag vir julle 'n storie oor paradigma skuif vertel, wat Sean Covey (Stephan se seun) vertel het. Ek gaan dit sommer vry in Afrikaans vertaal.

Sean vertel dat 'n vriendin van hom teruggekeer het na Suid-Afrika na 'n lang tydperk wat sy in Europa spandeer het. Sy was redelik vroeg op Heathrow en na 'n groot gesukkel met haar bagasie, het sy by 'n tafeltjie gaan sit nadat sy vir haar 'n koffie, 'n pakkie brosbrood koekies en koerant gekoop het. Sy het haar koffie gedrink en begin om die koerant te lees, toe sy iets hoor ritsel en sy opkyk vanaf die koerant. Totaal verstom sien sy 'n netjies geklede man wat oorkant haar sit en haar koekies oopmaak en begin eet. Sy besluit toe om nie 'n groot bohaai te maak nie en steek haar hand uit en vat ook 'n koekie om te eet. Minder as 'n minuut later vat hy weer 'n koekie en sy vat ook nog een. Terwyl sy elke tweede koekie eet, wonder sy of haar man en kinders die storie sal glo, van die man wat oorkant haar sit en haar koekies eet met 'n glimlag op sy gesig sonder om 'n woord te sê. Na 'n rukkie sien sy daar is nog net een koekie oor en voor sy dit kan vat, het die man dit reeds gevat en tot haar verbasing, deel hy die koekie in twee en gee die helfte vir haar. Oomblikke later staan die man op, knik met sy kop en gaan staan in die ry om aanboord sy vliegtuig te gaan. Sean vertel sy vriendin was totaal verstom en vererg oor die man se voorbarigheid om haar koekies oop te maak, dit te eet en dan nog die laaste een met haar te deel. Sy het nog so paar minute vir die man gesit en kyk, haar kop geskud en besluit sy sal maar vir haar nog 'n pakkie koekies gaan koop, aangesien sy nog honger is. Sy kry nog 'n pakkie koekies en toe sy wou betaal sien sy haar ander pakkie koekies is nog in haar sak………Sy het dit nooit uitgehaal en op die tafeltjie gesit nie……….sy het al die tyd dié man wat oorkant haar gesit het se koekies geëet.

Wat sy nou van die man dink en dit wat sy vyf minute gelede van die man gedink het - dít is 'n paradigma skuif.

Hoeveel keer moet ons dalk ook 'n paradigma skuif in ons lewens maak ten opsigte van iets of iemand.

'n Komma, of 'n punt. Wat dink jy?........

Ria

Enige bydraes vir Sterrelig kan ge-epos word aan:
riafourie05@gmail.com
Baie dankie vir al die bydraes wat ons reeds ontvang het. Party daarvan moet ongelukkig oorstaan tot 'n volgende uitgawe.

# Manne van die Woord

Dit is met 'n dankbare hart dat die skrywe kan uitgaan aan al die Negester inwoners.

Ons is maar in die begin van Februarie en as Manne van die Woord-groep is ons alreeds soveel geseën die jaar. Ons eerste paar byeenkomste op Donderdae om 06:00 is gesels oor onderwerpe soos, Barábbas – dief/moordenaar of mens net soos ons. Die staf van Moses- wat het ons as staf vandag, ens.

Ons was ook bevoorreg om saam met die manne-groep op Bela-Bela te vergader en was ontvang met 'n lekker koppie koffie. Daar het 'n gasspreker opgetree en die bespreking het gehandel oor die teenwoordigheid van die Heilige Gees en God se werking en wil in jou lewe.

Dit is 'n besonderse ondervinding om saam in die naam van ons Verlosser Jesus Christus byeen te kom en die Bybel te bestudeer en bietjie oop te krap. Soms hoor jy wat jy moet hoor en nie noodwendig wat jy wil nie en dit help met groei, begrip en verstaan van God se Woord. Ons besef dat Efesiërs 6:17 dit stel dat die Woord van God die swaard is waarmee ons die stryd sal stry en al die byeenkomste se middelpunt is net dit... Die Woord van God. Ons fokus op geen denominasies of groepe nie en konsentreer uitsluitlik op Christus as ons enigste Verlosser.

God gee ons so baie en hier is 'n paar temas wat ook in ons groep bespreek was: God maak jou sterk (Jesaja 41:10), God bring gesondmaking (Jeremia 33:6) en God voorsien vrede (Johannes 14:27).

Ons nooi weereens almal uit: kontak ons of kom val net in op 'n Donderdag oggend en word deel van ons Manne van die Woord.

Ons laat julle met die volgende:

Romeine 1:16 *Want ek skaam my nie oor die Evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo.*

Kontak: Dawie – 071 734 3618

Johan – 083 227 2030

MVW

## KOM ONS PRR…. MIAAU BIETJIE

Die volgende verhaaltjie speel af by 'n teetuin.

Meteens sien ek 'n swart kat raak; hy hou my dop. Hy kom ewe kordaat aangestap. Ons het pas gesit, toe hy langs my kom sit. Die kelnerin stap nader en raas met hom – "Musie kom weg, jy pla die mense". Musie hoor haar glad nie, hy skuif net nader aan my en lê ewe patroonlik sy kop op my skoot neer. Sy neem ons bestellings en verdwyn. Musie kom orent en spin onophoudelik as ek rustig oor sy harde kat pelsie vryf. Ek sê vir my dogter "foeitog hy slaap seker snags buite". Toe die kelnerin ons kos bring is Musie net so bly soos ons, hy sit orent en kyk vir my en dan vir die kos op die tafel. Gedienstig, gedwee wag hy. So eet hy al my spek en wors op en sit ewe ordentlik totdat ons klaar geëet het. Terwyl ons, ons tee drink, hou ek hom dop. Hy stap van tafel tot tafel en probeer aandag trek, maar word net geig-noreer, selfs verwilder. Die afsydigheid en koudheid van die teedrinkers in die teetuin teenoor Musie, die kwekerykat het dae lank by my gespook.

John Ortberg (2001) wys daarop dat 'n mens se gedragswyses in totaliteit beheer word deur 'n mens se denke ongeag of dit gedagtes van geluk of vrees is. As mens heeldag negatiewe gedagtes en of begeertes koester sal dit jou gedragswyses bepaal. Terwyl gedagtes van geloof uitloop op toekomshoop.

As ons die verhaal van die Barmhartige Samaritaan omdraai met die wete, dat jy die hulpbehoewende is wat langs die pad lê, en dat dit Jesus is wat jou versorg, wonder ek watter invloed sal dit op jou denke en gedrag hê? Dalk, dalk maar net gee jy vir iemand 'n glas water of 'n stukkie brood.

Musie

# UIT DIE HEV KANTOOR



Februarie is die maand van die liefde – sonder liefde is ‘n mens verlore. Ons het almal liefde nodig. Wat is nou lekkerder as jy weet jy is geliefd of as jy ❤ vir iemand kan gee? Dit is wat die hart warm maak. Onthou jy nog hoe dit voel om absoluut “dolverlief en verlore” te wees?

Sake van belang is bespreek tydens die Gewone Algemene Vergadering van 15 Februarie. Dit sluit die gedenktuin in. Onsekerheid heers oor die plasing van ‘n gedenktuin en óf daar werklik ‘n behoefte daaraan is. Eienaars word versoek om voorstelle hieroor by die kantoor in te dien.

Die probleem in verband met selfoon/internetopvangs geniet aandag. Die landgoedbestuurder is tans in gesprek met geidentifiseerde rolspelers wat ondersoek gaan instel. Die ideaal sal wees as ‘n selfoontoring aan Negester toegewys kan word. ‘n Potensiële inkomste kan hieruit gegenereer word, sou so `n toring op Negster eiendom opgerig word.

Daar is reeds planne vir die oprigting van ‘n kiosk opgetrek wat by die kantoor beskikbaar is. Dit blyk dat daar ‘n aanvraag en behoefte na die kiosk is.

Sake van belang sluit in die terugvoer ten opsigte van die uitstaande heffings verskuldig deur ATKV/MST. MST het in reaksie op die HEV-direksie se skrywe waarin bepaalde voorstelle ter vereffening van die uitstaande heffingskuld gemaak is, aangedui dat daar volstaan word by hul aanvanklike aanbod gedateer 14 Mei 2021.

Die voorgestelde vergadering van 26 Januarie 2022 te Randburg en waarvoor ‘n mandaat deur die eienaars gegee is vir ‘n onderhandelingsgroep, is afgestel. ATKV/MST is egter versoek om teen 9 Februarie 2022 formele terugvoer te gee rakende die HEV-direksie voorstelle gedateer 30 November 2021. Terugvoer is nie ontvang nie. Daar is egter sonder vooraf kennisgewing aan die HEV op 15 Februarie 2022 deur MST ‘n skrywe aan elke eienaar gestuur waarin stellings gemaak is waarmee die HEV nie saamstem nie. Die HEV is tans besig om sy opsies te oorweeg en sal gepas hierop reageer. U sal op hoogte gehou word.

Intussen is beide ATKV en MST vir die uitstaande heffingsbedrae afsonderlik gefaktureer. Geen terugvoer of reëlings vir vereffening daarvan, is ontvang nie.

Wat betref die sorgdienste, is ‘n komitee aangestel om die tenderprosedures op te stel. Alle diensverskaffers, insluitende die huidige diensverskaffer (indien hy sou tender), wat tenders indien en aan die vereistes voldoen, sal oorweeg word. Die tydlyn vir die proses is bepaal en daar behoort genoeg tyd te wees vir vroegtydige aanstelling van ‘n diensverskaffer ten einde soomlose oorgang te verseker.

Lekker Eet is die gekose verskaffer van etes en ‘n vergadering met hulle bestuur sal eersdaags gereël word.

Ten slotte, maar nie van minder belang nie: het ons gedurende Januarie/Februarie 10 positiewe Covid-19 gevalle op die Landgoed gehad waarvan die HEV bewus is. Ons maak staat op die samewerking van elke inwoner om te verseker dat sy/haar gesin gesond bly en ons steeds mede-inwoners sal respekteer deur hulle nie bloot te stel aan die virus nie.

Bly veilig en bly gesond.

Thinus, Laetitia en Johan.



# Dankie aan ons Sekuriteitswagte...




So lees ek op 'n keer twee pragtige Japanese spreekwoorde:
"Geluk help soms. Werk help altyd."
"Harde werk het bitter wortels, maar soete vrugte."

Onwillekeurig dink ek toe aan ons sekuriteitswagte. Ry jy by die Negesterhoofhek in, begroet die vriendelike wagte jou, en ja, 'n mens voel sommer welkom. Jy kry daardie gevoel van: "hier-hoort-ek-mos!"
'n Mens sien hul altyd glimlag, al moet hul ook maar soms die "bitter wortels" vat wat aan hul uitgedeel word. Gelukkig ontvang hul ook mildelik die "soete vrugte" gedurende hul skofte.

Daar is 'n dagskofspan en 'n nagskofspan aan diens.

Baie dankie aan ons sekuriteitswagte by Negester!

Kom ons wees ook vriendelik en bedagsaam teenoor hulle, sodat hul dienslewering, hul werk, ook vir hul geluk bring en nog meer – hulle(geluk)kig maak.

Negester inwoners

## LAG 'N SLAG

Altyd bankrot:

Hans: "Dit lyk of jy nooit geld het nie."
Piet: "Ja, dis die bure se skuld. Hulle hou daarvan om goed te koop wat ons nie kan bekostig nie!"






"Hurry! Our New Year's resolutions start in ten minutes."

# EK EN MY

# STOKPERDJIES

Vis Visagie - Houtwerk

'n Wyse man het lank terug vir my gesê dat 'n mens nie jou ambag jou stokperdjie moet maak nie. Dit was goeie raad waarby ek getrou gehou het en ek kon my deur die jare met vele ander aktiwiteite besig hou. Houtwerk was een hiervan, want dit het baie fasette: die belangrikste is natuurlik hout, wat van bome af kom, waarvan ons in die Waterberg en omliggende Bosveld 'n verstommende verskeidenheid het. Elke boomsoort het sy eie besonderse hout en gebruiksomvang. Hiervan moet die entoesias, soos ons Voortrekkervoorouers, kennis dra. Gelukkig is daar navorsers wat ons inheemse bome en houtsoorte met hulle gebruike geboekstaaf het. 'n Mens kan nie 'n mooi stuk houtwerk, of dit nou 'n swartstinkhouteetkamerstel of 'n eenvoudige boekenhoutwakis is, in hul volle glorie waardeer as jy nie die hele proses in oënskou neem nie. Die saag en opsny van die boom, die droog en preservering van die planke is beide 'n kuns en 'n wetenskap; ons het ongetwyfeld van die mooiste houtsoorte waaraan 'n mens kan dink. In woorde kan jy die voorkoms nie beskryf nie; selfs die beste foto slaag nie daarin nie. Jy moet dit aanskou en bevoel. Ja, hout moet ook bevoel word om dit te waardeer en te verstaan.



Die ander faset van houtwerk, is natuurlik die gereedskap waarvan daar óók 'n ryke verskeidenheid bestaan. 'n Saag is nie net sommer 'n saag nie (en nou praat ons net van handgereedskap), daar is reusagtige treksae waarmee die ou bosreuse in die saagkuile tot nutshout verwerk is. Plaasname soos Zaagkuil, Zaagkuildrift en Zaagkuilfontein is deel van ons geskiedenis en dui op hierdie gebruik. Die ou gereedskapmakers het daarin geslaag om met die grootste noukeurigheid 'n saag vir elke denkbare doel te bou. Dit geld natuurlik ook vir elke ander stuk gereedskap, skaaf, bankskroef, beitel, omslag, boorpunt, byl en dissel - werklik te veel om op te noem.



En .... dis waarom ek tans hierdie baie veelsydige en interessante stokperdjie beoefen. Die beskikbaarheid van hout is natuurlik altyd 'n probleem, maar tydens die aanvanklike ontwikkeling van die Negesterlandgoed, het daar 'n paar reuse geval en kon ek die hout van die vuur red en meer sinvol benut. Ek heg 'n paar foto's aan van meubels wat uit Negesterhout gemaak is.

*Vis Visagie*






Ons is jammer om te verneem van Steven (Bakara se sjef) wat oorlede is.

# DAGBOEK

- Cheetah Experience a non-profit organization between Bela-Bela and Modimole. Bookings essential. Kontaknommer 0729053457
- Adventures with elephants Bela-Bela. Kontaknommer 0147347730
- Waterberg Zipline Adventures Thaba Monate Game Lodge Bela-Bela. Kontaknommer 073591 2280
- Thaba Kwena Krokodilplaas Bela-Bela. Kontaknommer 073466 7113

# Uit Dawie se pen



Die druppel plons swaar op die droë sand neer en los 'n perfekte sirkel.. seëninge. Die ander volg kort na mekaar en gou-gou maak hulle musiek op die sinkdak. Dit is die klank van 'n nuwe begin, nuwe groei van bome, gras, struike. 'n Nuwe begin van lewe; daarmee saam ook die einde van sekere tye en dinge, die einde van seisoene, die wegkwyn van klein plante tot groot bome wat geval het.

So ook in elkeen van ons wat hier op Negester leef, daar was geluk, blydskap oor iets nuut, groot hartseer oor verlies en onsekerheid oor veranderings. Die toekoms van 2022 is nie duidelik uitgespel nie, maar ons kan dit tegemoetstap sonder vrees, sonder onsekerheid en twyfel, want ons het die wete dat ons Verlosser, Jesus Christus, wat al die pad saam met ons sal wees.

Aan almal, behou die wete: DIT MOES GEBEUR. Niks wat gebeur het, het sommer net plaasgevind nie. Niks het per toeval oor jou pad gekom nie. Alles is in God se groot plan ingeweef. Ons verstaan nie altyd die rede nie, ons dink die tydsberekening is verkeerd, die hoekom en waarom vrae maal in ons koppe rond en bring verwarring, verwyt, hartseer en soveel ander emosies na vore waarmee ons sukkel. Tog gee God se Woord ons die berusting in Matt 11:28-30: "*Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. 29: Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; 30: want My juk is sag en my las is lig.*"

Met hierdie vertroosting vra ek dat ons verder in 2022, nie ons laste alleen sal dra nie. Dat ons mekaar sal ondersteun en sal bystaan en sal hande vat om die jaar voluit te leef. Baie dankie aan al die ongesiene helde, elke oom en tannie, elke vriend en buurman, elke ma en pa, oupa en ouma, vir hulp, bystand en ondersteuning wat altyd gegee word... julle is almal helde.

Onthou: As iemand iets goed dra, beteken dit nie dis nie swaar nie!

Groete

*Dawie van Niekerk* (Landgoedbestuurder)

nsb
NATIONAL SATELLITE BROKERS
SHORT TERM INSURANCE BROKER

**Sandra Breytenbach**
Underwriting Consultant
Tel: +27 (0)86 184 3672
Fax: +27 (0)86 663 3773

Devander House, 298 Stokkiesdraai Str, Erasmusrand, 0181
PostNet Suite 458, Private Bag x10, Elarduspark, 0047

www.nsb.co.za
info@nsb.co.za

Proudly Associated

Hollard. auto & general King Price Bryte MUTUAL & FEDERAL absa NEW NATIONAL momentum Discovery COMPASS 1st for women OLDMUTUAL unity santam

National Satellite Brokers (PTY) Ltd is a licensed Financial Services Provider, FSP no. 16908, as defined in the Financial Advisory and intermediary Services Act (FAIS).FAIS requires that anyone who makes any recommendation, guidance or proposal of a financial nature must be a duly authorised representative of a licensed FSP. If you are seeking financial advice, or if you feel that this email constitutes financial advice, or if the author of this email wants you to purchase, amend or cancel a policy, please check with the author that he/she is registered representative of National Satellite Brokers (PTY) Ltd.

# S O R G S E N T R U M

| GESONDHEIDSORG MAART 2022<br>MAAK ASSEBLIEF VIR BESOEKE BUITE NORMALE KLINIEKTYE AFSPRAKE | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| SON | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SAT |
| | | 1<br>KLINIEK<br>7H30-9H30<br><br>SALON MARIETA | 2<br>KLINIEK<br>7H30-9H30 | 3<br>KLINIEK<br>7H30-9H30 | 4<br>KLINIEK<br>7H30-9H30<br>FISIOTERAPEUT MIDDAE | 5 |
| 6 | 7<br>KLINIEK<br>7H30-9H30<br><br>VOETSORG | 8<br>KLINIEK<br>7H30-9H30<br>SALON MARIETA<br>OUDIOLOOG MATTHYSEN | 9<br>KLINIEK<br>7H30-9H30 | 10<br>KLINIEK<br>7H30-9H30 | 11<br>KLINIEK<br>7H30-9H30<br><br>FISIOTERAPEUT MIDDAE | 12 |
| 13 | 14<br>KLINIEK<br>7H30-9H30<br><br>VOETSORG | 15<br>KLINIEK<br>7H30-9H30<br><br>SALON MARIETA | 16<br>KLINIEK<br>7H30-9H30 | 17<br>KLINIEK<br>7H30-9H30 | 18<br>KLINIEK<br>7H30-9H30<br><br>FISIOTERAPEUT MIDDAE | 19 |
| 20 | 21<br>KLINIEK<br>7H30-9H30<br><br>VOETSORG | 22<br>KLINIEK<br>7H30-9H30<br>SALON MARIETA<br>OUDIOLOOG MATTHYSEN | 23<br>KLINIEK<br>7H30-9H30 | 24<br>KLINIEK<br>7H30-9H30<br><br>GROEPWERK<br>10H00-11H30 | 25<br>KLINIEK<br>7H30-9H30<br><br>FISIOTERAPEUT MIDDAE | 26 |
| 27 | 28<br>KLINIEK<br>7H30-9H30<br><br>VOETSORG | 29<br>KLINIEK<br>7H30-9H30<br><br>SALON MARIETA | 30<br>KLINIEK<br>7H30-9H30 | 31<br>KLINIEK<br>7H30-9H30 | | |

| | | |
|---|---|---|
| Berading daagliks beskikbaar per afspraak | | 014-736-2580 |
| CLEOPATRA VOETSORG | 014-736 5884 | 082-876-5842 |
| HAAR SALON MARIETA | 081-340-2161 | |
| OUDIOLOOG MATTHYSEN | 014-717-1139 | 072-477-1054 |
| KANSA - LID (NELLIE BUITENDAG) | 014-736-2725 | |
| FISIOTERAPEUT (JACKIE HUISAMEN) | 014-736-5864 | |
| KLINIEK | 014-736-3364 | 014-736-2770 |
| GROEPWERK (ANNATJIE MOORE) | 014-736-2580 | |

# Sandra Kemp gesels met Elsie en Ernst du Plooy



**Ons het heerlik by Elsie en Ernst gekuier en koffie gedrink. Ek deel graag ŉ klein deeltjie van hul lewensverhaal met die lesers.**

Ernst is in Pretoria gebore en het by Hartebeespoortdam gebly. Elsie is in Potgietersrus gebore en getoë en sien haarself as ŉ opregte bosvelder.

Hul het mekaar in Brits ontmoet en hul in Witbank gevestig na hul troue. Daar het hul vir 38 jaar gewoon. Daarna het hul die groot trek na Negester aangepak.

Hul het ŉ dogter, Jana, getroud met Pierre, wat ook in Witbank woon. Elsie en Ernst is geseënd met twee kleinkinders.

**Hoe het julle op Negester beland?**

As lede van die ATKV is hul ingelig rakende die ontwikkeling van Negester. Hul het die opedag bygewoon en was dadelik baie beïndruk met die opset. Hul het aan die begin van 2020 ŉ huis gekoop en kan nie uitgepraat raak oor hoe lekker dit is om hier in die rustige landgoed te woon nie. Hul geniet die voëls en natuur baie.

**Vertel ons meer van jul studies en beroepe.**

Elsie het onderwys gestudeer en haar BA graad in opvoedkunde deur Unisa behaal asook ŉ diploma in kleuteropvoeding. Sy was vir 16 jaar ŉ Graad R-juffrou by laerskool Panorama op Witbank.

Ernst het verskeie akademiese kwalifikasie by Tukkies en Unisa verwerf en 38 jaar by die landdroskantoor op Witbank gewerk.

**Het jul enige stokperdjies?**

Ernst het ŉ passie vir Geskiedenis en lees graag geskiedenis boeke. Hy het vroeër houtwerk gedoen en het onder andere ŉ pragtige hemelbed en eetkamertafel gemaak.

Elsie hou van teken en Wietske Smit het haar leer skilder. So tussen die werkery deur het sy haar skildery voltooi. Sy wil graag met inwoners kontak maak wat ook teken en skilder sodat hulle saam skildertegnieke kan bemeester. Elsie hou haarself ook besig deur te hekel.

Elsie en Ernst hou van kuier in die Wildtuin en sien daarna uit om oorsee te gaan toer en spesifiek Rome te besoek.

**Julle het nou afgetree maar is nog baie aktief.**

Elsie se hoogtepunt is die water-aerobics, Donderdae, by Klein Kariba. Ernst stap graag Klein Kariba toe. Hul hou hulself fiks deur gereeld te gaan stap..



# Reisiger / Pelgrim



Om na ‘n lewenspad van 7+ dekades vol opdraandes en afdraandes, kortpaaie en langpaaie, by 9Ster te arriveer, is voorwaar ‘n seëning!

Met soveel meer vrye tyd; op hande, sit ek in die tuin en mymer, toe 'n boodskap op my selfoon my aandag trek. Dis 'n baie ou verhaal, met verskeie weergawes, maar die kernboodskap bly dieselfde:

In 1923 is die Boheemse skrywer Franz Kafka reeds ernstig siek. Op ‘n dag wandel hy in 'n Berlynse park toe hy ‘n huilende dogtertjie opmerk. By navraag vind by uit dat haar geliefde pop verlore is. Franz bied aan om te help soek, maar die soektog is onsuksesvol.

Hy bied aan om die volgende dag weer te kom help soek, maar dié soektog lewer weer niks op nie. Franz oorhandig toe 'n briefie, geskryf deur die vermiste pop, aan die dogtertjie. Dit lees soos volg:

"Moenie so hartseer wees nie. Ek het besluit om 'n wêreldreis te onderneem. Ek sal vir jou briewe skryf waarin ek vir jou van my avonture vertel".

Tydens hul ontmoetings in die park lees Kafka dan die verbeeldingryke briewe, van haar geliefde pop, aan die dogtertjie voor.

Op 'n dag besluit Kafka om die dogtertjie te verras met ‘n nuwe pop wat hy vir haar gekoop het. Sy is van vooraf hartseer, want die nuwe pop lyk glad nie soos haar ou pop nie. Hierop oorhandig Kafka aan haar 'n briefie, namens die "nuwe” pop, met die boodskap:

"MY REISE HET MY VERANDER".

Effe vertroosd groet die dogtertjie vir Kafka en hul gaan uiteen. Kort hierna sterf Kafka en die parkontmoetings kom tot ‘n einde.

As volwasse vrou ontdek die eertydse dogtertjie 'n opgevoude briefie in die lyfie van haar steeds geliefde “nuwe” pop:

"EVERYTHING YOU LOVE WILL PROBABLY BE LOST, BUT IN THE END, LOVE WILL RETURN IN ANOTHER WAY."

Die briefie is deur Frans Kafka onderteken.

Gedagtes dwaal...

Op my arm sien ek 'n swart miertjie raak, beurend vorentoe met ‘n Eifeltoring van 'n wollerigheid in sy bekkie. Waarheen sou sy reis wees?

Eendag sien ons hoe ʾn jong bosbokooi haar dagoue lammetjie hier voor ons huis in die bos wegsteek. Die ooi het op haar dagreis vertrek op soek na vars weiveld. Teen skemertyd vind die ooi en lam mekaar weer. Albei veilig!

Mag 9Ster Landgoed vir 50plussers die beste aardse bestemming wees vir ALMAL wat hier woon.

*Nunu*



# Viets & FIKS

# BIOKINETIKA WATEROEFENING

Die biokinetika wateroefeninggroep oefen Donderdae om 8:00 by Klein-Kariba se swembad. Biokinetika wateroefening is veilig en hou ons viets en fiks. Die tipe oefening is nie stremmend op die liggaam nie, maar dit werk die ou spiere wat met tyd maar verswak. Daarby werk die brein ook, want jy moet konsentreer en probeer om nie om te val nie.

Dit was 'n groot verrassing toe van ons direksielede kom saam oefen het en alhoewel dit maar styf is, het hulle dit nogal geniet. Dis ontspanne en almal kuier ook saam so deur die oefening. Ons instruktrise, Charlotte, hou ons aan die gang vir 'n uur en daarna kuier ons groep nog in die water en gesels oor ditjies en datjies.



Dis 'n uur van oefen en jy voel goed daarna om jou dag voort te sit. Ons ruim af en toe 'n tydjie in en gaan drink 'n koffie op die stoep van Klein-Kariba se Restaurant – is dan net betyds terug om middagete voor te berei.

Kom maak 'n draai en raak soepel en fiks!

*Charlotte & Hannie*

## Waar Kry Ek Die Sterrelig???



- Per *e-pos* en *Whatsapp* aan inwoners.
  Maak asseblief seker dat administrasie u korrekte kontakbesonderhede op lêer het. Kontak Yolanda by 014-736 2821
- Op die Negester *webwerf www.9sterkk.info*.

## …Lag … traan …

Die redaksie van Sterrelig is bly saam met die inwoners met wie dit voorspoedig gaan.
Ons harte gaan uit na die mense wat tans in nood verkeer.



# OLIE-ARINOSTERFANT



Gedurende die nag van 29 September het daar `n vreemde en onverklaarbare gebeurtenis op Negester Landgoed plaasgevind.

`n Mis-terieuse dier/gedierte/ondier het in Wildeseringstraat groot ronde misbolle op die teervlak naby die randsteen en die voetgangerliggie gelaat. Sewe groot bolle, ongeveer 180mm in deurnsnee en in `n reguit lyn gedeponeer op `n langwerpige plas, netjies en eweredig gespasieer. Dit is ongeveer 21:00 die eerste keer waargeneem, asook vroeg die volgende oggend voor sonop, toe `n foto geneem is (– sien foto).

Dit is op die inwonersgroep geplaas en verskeie inwoners het kommentaar gelewer, maar geen finale gevolgtrekking is gemaak nie.

Na deurtastende ondersoek, kopkrap, besinning en rype beraad, is tot die volgende (voorlopige) konklusies gekom aangaande die identiteit van die dier/ondier/ongedierte:

Die dier was `n herbivoor. Die inhoud van die bolle was plantaardig, met `n taamlike growwe tekstuur.

Opvallend was die feit dat die misbolle hulle ronde vorm behou het en nie platgeval het soos gewoonlik die geval is nie. Dit het dus nie van `n groot hoogte geval, soos in die geval van `n olifant nie. Die dier moes dus relatief kort bene gehad het of die vermoë om te hurk. Die kanse dat die dier op sy hurke gaan sit vir sy stoelgang is redelik skraal, tensy dit dalk `n verdwaalde sirkusolifant was. Hier was na die beste van my wete lanklaas `n sirkus in Warmbad.

Die reëlmatige plasing van die bolle laat die raaisel verdiep. `n Renosteragtige dier met kort bene (en dus kort treetjies) en `n beperkte ontlashoogte, kan oorweeg word. `n Groot kangeroe-agtige herbivoor wat gemaklik op sy hurke kan sit, mag dalk ook aan die vereistes voldoen.

`n Spesie van miskruiers, wat in staat is om groot misbolle te vorm en te rol, is teoreties ook `n moontlikheid. Die bestaan van so `n gogga is egter so onwaarskynlik dat dit nie verder oorweeg word nie. Ons hoop nie om ooit so `n gogga in die dag of nag raak te loop nie.

Die laaste (en mees waarskynlike) moontlikheid is `n mensgemaakte vegetariese primaat, wat hurk tydens stoelgange en oor `n mate van wiskundige intuïsie beskik. Die plasing van die bolle in `n reguit lyn, dui ook op `n vorm van rituele gedrag, wat op `n ontwikkelde intellek, selfbewussyn en handvaardigheid dui.

Die bolle is die volgende oggend verwyder deur Stephan en word in die stoor gehou as bewystukke.

Daar is dus besluit om die vreemde gedierte voorlopig die volgende naam te gee:

**Olie-Arinosterfant**

**D vd B**

# NOODNOMMERS

| | |
|---|---|
| **Ambulansdiens Life 24** | **082 040 5003** |
| **Brandweer** | **014 736 8000** |
| **Polisiediens** | **072 839 5587** |
| **HD Elektries (Dirk)** | **083 660 0319** |
| **Loodgieter (Eric)** | **083 281 7789** |
| **Suster Delia** | **082 494 2717** |
| **Landgoedbestuurder (Dawie)** | **071 734 3618** |
| **Hospitale** | |
| **Phodiclinic (Privaat)** | **014 736 2310** |
| **Provinsiale hospitaal** | **014 736 7300** |

# Boererate

Volksgeneeskunde bestaan uit die strewe na selfbehoud. Met moderne geneesmiddels so maklik beskikbaar is dit ŉ probleem vir boererate om deel te neem aan die medisinale-kompetisie.

Boererate, is goeie raad! So het ons grootjies geglo...dalk nie so vry van gevare nie...en soos ons menigmaal lees of hoor op die TV: "*Don't try this at home...!*"

Interessantheidshalwe, hier volg ŉ paar boererate: *(Boererate Saamgestel deur: Danie Smuts.)*

**Vir gal:**

Neem 1 koppie wit suiker met 1 teelepel koeksoda. Neem een teelepel vol op jou nugter maag.

**Vir diarree:**

Volwassenes: Drink 1 eetlepel asyn.

**Vir dikderm inflammasie:**

Neem die kroon van ŉ miershoop, met miere, gras, grond. Gooi kookwater op. Drink elke twee ure ŉ koppievol. Binne ŉ japtrap is jy piekfyn!

Vervolg...

# Lees en Geniet...

Soveel talent...en in Negester het ons ons eie outeur van kortverhale. Die verhale speel meestal af in Namibië en is heerlike, ontspannende liefdesverhale. Voorwaar baie geskik, want dit is mos die maand van liefde. Die verhale gaan in Maart-maand begin verskyn en as vervolgverhale gepubliseer word.

As jy reeds nuuskierig is oor wie die outeur kan wees...? Lees elders in hierdie sterrelig om jou antwoord te kry!

# `n Paar OPMERKINGS oor Afrikaans

Ek hoor `n regsgeleerde op die radio wat in `n kort onderhoud vier keer "aan die einde van die dag" gebruik. Dit is net so `n (Anglisistiese) stopsinsnede as "jy weet" en "Ja" wat kort-kort gebruik word. Dieselfde regsgeleerde praat ook van "tien persone wat luu-kraak gekies is", nogal met `n lang uu. Die woord is`n verkorting van per geluk raak, dit wil sê sonder om uit te soek en word as lukraak uitgespreek - niks met luu en kraak te make nie. Iets anders. As jy iets soek, is jy op soek (twee woorde) daarna - nie opsoek nie. Vriende kan jou opsoek as hulle in die omgewing is en jy kan `n woord in die woordeboek opsoek of eerder naslaan. `n Laaste een: kom ons praat van ons solder eerder as, die loft.

DIT IS GENOEG VIR NOU.

groete

HENK KRUGER

# Vlytige vingers

Naald en gare, borduurwerk, hekel, brei.
By die konferensiesaal sal jy dié dames kry.
Dinsdag twee uur gaan staan haar huis –
By die naaldwerkgroep vind sy haar tuis.
Klets, kuier en lag in hierdie groep,
Dan . . . . .sit jy nie eensaam op jou stoep.




# WYNGILDE

**Wine Guild Evening**

The wine friends were anticipating the 2nd of February...... our first occasion of 2022.

On this occasion we were not tasting a specific wine, but were celebrating with a wine of our choice. Our household chose an unknown Rosé – just for the fun of it. The wine was a MAUDE'S SELECTION ROSÉ, 2019.




During the evening I read the label on the bottle to determine the origin of the wine and was surprised by the story written on the back of it which read as follows: "As a young boy I remember how my mom had to drink wine that the men ordered. Now that I make my own wine, I have the opportunity to create the kind of wine that I think she would have ordered. Not too dry, not too sweet. Just perfect." This was written by JW (Whitey) Basson, owner of Klein Das Bosch Wine Estate. It further read that the Maude's range of wines was specially selected and crafted by Jean-Marie de Villiers and Nicky Claassens. This is a very apt description of the wine, "Just Perfect"

The evening was well attended, with everyone bringing their own favourite wine. The evening was distinguished by comfortable conversations amongst all. As all attendees brought some tasty refreshments everyone could eat to their heart's desire. Too soon this enjoyable evening came to an end as all good things do.

As we left the venue the following came to mind: a pleasant evening at Negester Klein-Kariba is not difficult to establish; just bring together three elements being: pleasant friends, good food and good wine.

We are looking forward to the next event.




Colleen Roos.

# LEER KEN VIR...

## Stephan Steyn



***Verjaardag*: 31 Augustus**
*Jou eggenoot se naam:* Elexia
*Kinders:* Jenny 27jr, Stephan 24jr, Philip (kleinseun) 4jr.
*Pos by Negester:* Tegniese bestuurder.
*Beskryf jouself:* Vriendelik, behulpsaam, altyd gewillig om te help.
*Gunsteling kleur?* Groen
*Gunsteling sportsoort?* M.M.A.
*Sportheld?* Brock Lesnar
*Gunsteling kosgereg?* Braai
*Gunsteling nagereg?* Bruin poeding en vla.
*Gunsteling TV-program?* CSI en S.W.A.T.
*Wat is jou stokperdjies?* Bou en regmaak van enige ding.
*Waarheen gaan jy/ julle graag vir 'n wegbreek?* Stilbaai / Wes Kaap.
*Noem twee dinge wat jy nog wil doen, wat op jou "bucket list" is*: Reis na Amerika, SA deurkruis met 'n motorfiets.
*Wat maak jou hartseer?* Mense wat diere seermaak.
*Wat maak jou gelukkig?* My familie.
*Kies een woord:*

| | |
|---|---|
| *Kos*: | Koud |
| *Seisoen:* | Winter |
| *Ry:* | Vinnig |
| *Vakansie:* | See |
| *Persoonlikheid:* | Introvert |

Negester inwoners sien raak watter verskil Stephan maak en waardeer sy bereidwilligheid en behulpsaamheid. Baie dankie!

**nou toe**

# NOU...

*Afrikaanse spreuke en uitdrukkings*

**Dis 'n aardbewing in 'n mishoop.**

Betekenis:

Afrikaans: Daar is 'n groot gedoente oor niks.
Engels: It's a storm in a tea cup.

# Swartoorklimmuis of Grys-dwergklimmuis (*Dendromus melanotis*)



*Foto: Cliff & Suretha Dorse*

Die Grys-dwergklimmuis (Eng. Grey pygmy climbing mouse), *Dendromus melanotis*, is een van die min soogdiere in Afrika met 'n grypstert. In 'n grypstert (Eng. prehensile tail) is die spiere so ontwikkel dat die dier sy stert kan gebruik om maklik teen dun grashalmpies op en af te klim wanneer hy op soek is na grassade en insekte wat die grootste deel van sy dieet uitmaak. Verder is die eerste en laaste vingers van die voorpote slegs oorblyfsels van vingers, terwyl die middelste drie vingers lank en slank ontwikkel het om soos regte vingers om die grashalms te kan vashou.

Soos die naam aandui, is hulle grys van kleur met 'n enkele swart streep wat in die middel van die rug vanaf die skof tot by die stert strek. Die diertjies is klein en bereik 'n massa van slegs sowat 8g met 'n totale lengte van sowat 160 mm. Die stertlengte maak meer as die helfte van die totale lengte uit. Soos meeste knaagdiere is hulle aktiewe telers en kry opeenvolgend vanaf Desember tot Maart gemiddeld drie kleintjies op 'n keer.

Die Grys-dwergklimmuis kom oor die hele Afrika, behalwe in die Sahara- en Namibwoestyne, voor. Hulle kom ook hier op Negester voor – sien foto geneem by 395. Vergelyk die grootte van die lyfie met die blare.



*Foto: Evelyn Schreiber*

Gedurende die broeiseisoen maak hulle hul neste tot sowat 'n meter bo die grond in graspolle en struike. Die res van die jaar bly die diertjies in tonnels onder die grond met 'n in- en uitgang aan die een kant en 'n ontsnapgat, wat weer liggies toegemaak is, aan die teenoorgestelde kant. Hulle grawe self hulle tonnels, maar sal ook onbewoonde groot miskruiertonnels gebruik. Die tonnels dien ook as 'n wegkruipplek teen roofdiere en -voëls en is goeie beskerming teen veldbrande.


Die Grys-dwergklimmuis eet hoofsaaklik grassade en insekte soos termiete, sprinkane, krieke, motte en torre. Daar is ook al spinnekop-, klein voëltjie en slangreste in hulle mae gekry.

Die inligting is relevant tot die bydraes oor soogdiere wat op Negester voorkom en kom van die volgende bronne:


- Stuart's Field Guide to the larger Mammals of Africa (Chris & Mathilde Stuart)
- The Mammals of the Southern African Subregion (Reay H.N. Smithers)
- The Small Mammals of the Kruger National Park (U de V Pienaar, IL Rautenbach, G De Graaff)
- Wikipedia


*Arrie Schreiber*

# Vars gedruk...




Die liefdesmaand het aangebreek en wat is lekkerder as om liefde te gee en te ontvang. Ons boek van die maand is "NAGLIG" deur Christa Jonker-Jordaan. Haar naam is Moon, sy reis deur Engeland om vrede vir haar siel te kry. Moon het 'n eggenoot en dogter. Moon is 'n kunstenaar en het te veel aandag van 'n jonger manlike kunstenaar gekry. Almal van ons hou van aandag. Albér, haar man werk lang ure en is selde by die huis. Gaan die huwelik dit maak? Daar is baie verrassings en hartseer in die boek. 'n Goed geskrewe boek oor liefde.

Koop Afrikaanse boeke en ondersteun ons skrywers.

Liefde groete van my stoep na jou stoep.

*Carol Vosloo*

# Sekuriteit

**'n PAAR VEILIGHEIDSWENKE**

- Die Noodplan van Negester is afgehandel en die inoefening daarvan sal met die volgende Nood – en Sekuriteitsvergadering bespreek word en 'n implementeringsdatum bepaal word.
- Elke individu moet verseker dat hy/sy vertroud is met die basiese beginsels van brand-bestryding.
  Maak seker jy is vertroud met die werking van jou brandblusser en brandkombers. Kyk gereeld na die instruksies op albei apparate en memoriseer dit. Tel jou brandblusser gereeld op en skud hom 'n bietjie sodat die inhoud beweeg, dit help dat die inhoud nie hard word en jou in die steek laat wanneer jy die brandblusser nodig kry nie.
- Verseker dat daar 'n sleutel van jou woning by die Sorgsentrum is, of elders, soos bv. jou bure. Die Sorgsentrum is die aangewese plek, aangesien daar op 'n 24 uur basis toegang tot jou sleutel verkry kan word, maar slegs deur spesifieke persone. Die buurman mag dalk net nie tuis wees wanneer daar 'n noodsituasie is nie. Baie belangrik: dat die deur wat deur hierdie sleutel oopgemaak word, nie 'n sleutel aan die binnekant moet hê nie, want dan sal dit nie oopgesluit kan word nie.
- Hou motorhuisdeure toe sodat ongewenste gaste soos slange, rotte, ensovoorts hul nie daar kan gaan tuismaak nie.
- Wanneer jy iewers onder 'n boom parkeer, hou die motorvensters dig toe. Spinnekoppe, slange en ander elemente mag dalk 'n saamrygeleentheid soek.
- Maak seker dat jou persoonlike- en mediese besonderhede, soos deur Suster Delia verlang, altyd beskikbaar is en op 'n opsigtelike plek geplaas word sodat dit tydens 'n noodgeval maklik bereikbaar is. Dit maak dit net makliker vir die persone wat jou moet help tydens 'n noodgeval. Dateer ook jou besonderhede gereeld op, veral wanneer jy van selfoon-nommer of mediese fonds verander.

*Nood- en sekuriteitsbelangegroep*

# Foto's van Negesterinwoners



Dié Bosveldvisvangerpaar het in Desember in die leë nagapiekassie, in die mik van 'n groen vaalboom, net buite Henk Kruger se huis gebroei.

# Leer ken ons Bome


## Vaalbome



Gewone Vaalboom

Ons ken almal die gewone vaalbome, silver clusterleaf (*Terminalia sericea)* met hulle pragtige silwergrys blare. Die baie skaars en besondere groenvaalbos, green clusterleaf (*Terminalia brachystemma)* groei ook hier op Negester. Hierdie boom lyk baie soos sy boetie, die vaalboom, maar die blare is groter en groener. Die gewone vaalboom kom oor 'n groot gebied noord van ons voor, maar die groenvaalboom kom in Suid-Afrika slegs in die Waterberge voor.

Vaalbome het baie gebruike. Dis 'n veeldoelige medisinale plant. Moderne navorsing bevestig ook die geneeskundige waarde van meeste van die ou volksrate. Boonop word die bas van vaalbome in leerlooiery gebruik om die leer 'n besondere mooi geel kleur te gee. Tswanas het die haartjies van die silwer blare gebruik vir die glasuur van kleipottte. Vaalbome het lieflike geel meubelhout, die ou boere noem hom nie verniet "sandgeelhout" nie. In die lente ruik hulle blommetjies egter nie lekker nie.



Groen Vaalboom

Die groenvaalboom is minder algemeen en daarom is die gebruike ook minder bekend. Ons weet wel dat die wortels medisinale waarde het en dat die hout vir bylstele gebruik word.

Die twee soorte moet geneties baie naby verwant wees, want kruisings van die twee soorte is bekend.

N.S. Oom Henk Kruger (huis nr 229) het 'n hele paar mooi groenvaalbome op sy erf.

Leonora

Outeur van kortverhale is Anita Brad Howell

***Spreuke uit C.J. Langenhoven...***





<u>*Liefde:*</u>

"Deur twee dinge is my lewe vir my leefbaar gemaak: die liefde wat ek gegee het, en die liefde wat ek gekry het."

# Reënval

**Januarie 2022**
Totaal 119.5mm 5 Reëndae.




## Dankie sê...

Donateurs/Adverteerders
Die redaksie bedank alle adverteerders van harte vir hul bydraes en ondersteuning tot die Sterrelig Nuusbrief.

*"...en mag die*
*Suiderkruis en Negesterre*
*witter as die stedeligte in jou siel*
*skitter"*
- D.J. Opperman

## NEGESTER SENIOR GHOLF

Graag wil ek 'n uitnodiging rig aan alle "afgetrede" gholfers, mans sowel as dames, wat voorheen gholf gespeel het, maar nie nou meer speel nie, om by NEGESTER SENIOR GHOLF aan te sluit.

Ons is op die oomblik slegs 4 spelers van Negester wat op 'n gereelde basis, op Dinsdae- en Donderdae oggende, tussen 07.00 en 08.00, op KORO CREEK GHOLFBAAN, in Modimolle (Nylstroom,) saam met die KORO CREEK SENIOR GHOLFERS, speel.

Ons is 'n baie gesellige- en sosiale groep, wat wissel van 12 tot 24 spelers, wat die spel speel om dit te geniet, en buite in die natuur te wees, saam met heelwat verskillende boksoorte op die Gholfbaan.

Die ouderdomme van spelers wissel van 60 jaar tot 84 jaar. Ons het in 2021 van oom Dolf afskeid geneem op sy 96e verjaarsdag, nadat hy nog 18 putjies gespeel het.

Baie van die seniors is ook lede van SAGES, wat 'n landwye senior gholfgroep is, wat in verskillende streke verdeel is. Die seniors van Koro Creek val onder die WATERBERG streek, wat insluit Nylstroom, Naboomspruit, Thabazimbi, Potgietersrus, Pietersburg en Groblersdal. Om aan te sluit by SAGES is slegs R200 per jaar, en elke maand bied een van die areas 'n gholfdag aan. Om aan te sluit by Sages is opsioneel.

Daar is spesiale aansluitingsfooie vir Negester Seniors en ook 'n spesiale prys om te speel. Hulle bied ook 'n opsie van onbeperkte hoeveelheid rondtes gholf, naweke ingesluit, vir die senior lede.

Elke Dinsdag en Donderdag, word daar 'n kompetisie gereël, waar elke speler R20 bydra, net om die spel bietjie kompeterend en interessant te maak. Van die geld word ook aangewend vir 'n jaareindfunksie by een of ander gasteplaas saam met ons gades. Ons is gewis 'n baie gesellige groep.

Kontak my gerus vir meer besonderhede.
Gholfgroete,
Coenie Louw (177) 082 854 7190

# Uit Grootjie se kombuis

Een aand, net nadat die skole vir die eerste skooldag in 2022 geopen het, sit ek en Ma en gesels oor die prys van "Pritt", die skool gomstiffie, wat leerders gebruik vir hul plakwerk.
Ma vertel van die gom wat hul gebruik het in toeka se dae: gekook met koekmeel en water.
Oe! Jiggie...
En so beland ons by die volgende resep uit haar kinderdae, in die 1931's rond.

## Resep: ***"Slinger-om-die-smoel."***

Bestanddele:

3 eiers
2 t sout
1½ k meelblom
water om mee aan te maak
5 k melk
pypkaneel (2 stukkies)


Metode:

Klits eiers en voeg sout by.
Sif meelblom by en meng goed.
Voeg net genoeg water by om 'n stywe deeg te vorm.
Knie deeg tot elasties is.
Strooi meel oor 'n deegplank-Rol deeg uit ± 6 mm dik.
Strooi meel oor uitgerolde deeg.
Rol deeg nou op van een kant af.
Sny dan opgerolde deeg in wieletjies met skerp mes.
Strooi meel oor die snysels.
Kook die melk met pypkaneelstukkies daarin.
Sodra melk kook, voeg die snysels geleidelik daarin.
Roer liggies – nie pappery maak nie – wieletjies los van mekaar.
Kook 20 – 25 minute.
Dien op met kaneelsuiker en botter.
Geniet – jy mag nie die bord uitlek nie!



Het jy al op die resep se gebruikersnaam in 2022, afgekom?
Melksnysels/Melkkos

## B L O K R A A I




Dwars

1. Watter aktiwiteit vind Dinsdae om 14:00 plaas?
3. Watter boom is die Promosieboom van die jaar?
7. Wat is 'n ander woord vir naslaan?
8. Met wat moet 'n heildronk nooit ingestel word nie?

Af

2. Watter diere het 'n ereplek op die nuwe advertensie?
4. Van waar ry die jaagduiwels elke oggend?
5. Wie is ons landgoedbestuurder?
6. Wie het "I'll walk with God" gesing by die Kerssang?

Neem 'n foto van die voltooide blokraai en whatsapp na 0824604570.
Onthou om jou naam en huisnommer by te voeg.

# KOM NEEM DEEL

| SPORT/ONTSPANNING | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Tyd | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
| 06:00 – 07:00 | | | | Manne bid-uur | |
| | | | | | |
| 7:00 - 9:00 | Jukskei | Jukskei | Jukskei | Jukskei | Jukskei |
| | | | | | |
| 8:00 – 9:00 | Biokinetika | Pilates | | Biokinetika | Pilates |
| | | | | | |
| 10:00 – 11:00 | Lyndans | | | | Lyndans |
| | | | | | |
| 14:00 – 16:00 | | Naaldwerk | | | |
| | | | | | |
| 15:00 - 15:30 | | Wateraerobics | Wateraerobics | Wateraerobics | |
| | | | | | |
| 15:00 – 17:00 | | Tafeltennis | | Tafeltennis | |

# Spreekwoorde uit die ou tyd:

Ken julle nog hierdie spreekwoorde en weet julle waar die idiome vandaan kom? * * oor die tou trap: verkeerd optree - vandag met `n spesifieke betekenis, al word dit nie meer gebruik nie weens veranderde sedes. Dit kom uit die ossewa-era. Die os trap oor die trektou wanneer hy ingespan word. Hy kan ook dwarstrek, wat vandag nog beteken iemand werk nie goed saam nie. Of hy kan kleinkoppie trek, wat beteken hy wil nie die riem (of halter in die geval van `n perd) oor sy kop laat gaan nie en trek dan sy kop weg, maw hy wil nie werk nie. * Hy is `n lunsriem en `n teertou: hy is smerig vuil. Die luns is die ysterspy wat buitekant die wawiel deur die wa-as gaan om die wiel op die as te hou. Aan die luns is `n riempie waarmee die spy uitgetrek word wanneer die as met teer of ghries gesmeer moet word. Die luns en die riempie/tou word gou baie vuil soos die stof daaraan pak. Daar is nog baie idiome uit die ou tyd. Stuur vir Sterrelig julle bydrae met die oorsprong en betekenis daarby - dit is interresant en steeds bruikbaar in ons daaglikse omgang.
Stuur na riafourie05@gmail.com
***Henk Kruger***

# Skopsuil Kampeerders



Liewe Inwoners,

Daar was doelbewus besluit om eers in die 2de uitgawe van Sterrelig, julle bewus te maak van ons unieke, lekker en ontspanne kampeerklub! Nou het ons julle volle aandag.

Die kampeerklub het spontaan ontstaan in 2018 toe 'n paar vriende besluit het om Marakele te besoek. Vinnig-vinnig was daar nog belangstelling en daar stig ons toe sommer die kampeerklub.



Tydens ons eerste kamp besluit ons dat ons definitief 'n spesiale naam moet kry. Elke aand tydens ons kampkuier het daar 'n skopsuiltjie geroep en toe word hy raakgesien- nodeloos om te sê net daar het ons 'n naam vir ons "klub".

Hierdie is 'n baie informele klub, sonder reëls…….. behalwe dat ons saans saam eet en om 'n kampvuur kuier. Dis wanneer ons meer en meer van ons mede-kampeerders leer. Elkeen uniek in sy eie reg!

In die begin het ons byna elke 2de maand gekamp, maar toe kom COVID en ons word gehok. Nadat die bevelsraad en President Cyril Ramaphosa toestemming gegee het om binne grense te mag beweeg het ons die kans met albei hande aangegryp en by Mabalingwe gaan kampeer. Hulle het ons met ope arms verwelkom, want ons was die eerste kampeerders in 'n baie lang grendeltyd om hulle te besoek.

Tydens hierdie week het ons ook Jan de Beer se 80ste verjaarsdag gevier. Dit was baie besonders en ons was dankbaar en bevoorreg om hierdie spesiale mylpaal saam met hom en Trudie te kon meemaak.

Sedertdien het ons weer 'n paar kampe ingepas, maar tydens ons laaste kamp het ons 'n baie onrusbarende ontdekking gemaak. Een van ons lede het drank laat wegraak "(gesteel)," pandemonium het uitgebreek en party was beskuldig van geheueverlies. Sy was opgespoor, hou nog steeds van kattekwaad al is ons pensioenarisse.

Om in Febr. 2022 'n kamp te reël is baie moeilik, aangesien baie van ons lede gaan kuier en hulle jaarlikse verlof neem. Dis mos maar soos dit is…

Sodra die skole begin, rol die wiele en pensioenarisse vat die pad. Sal julle op hoogte hou van volgende kamp. Ons het besluit om vanjaar die vakansieoorde naby Negester te besoek, deels omdat brandstof se pryse die hoogte ingeskiet het, maar ook om ons plaaslike besighede te ondersteun.

Tino en Annette se vertrek het 'n groot leemte gelaat, omdat hulle stigterslede was. Wie sal Tino se kattekwaad, vetkoek en groot kampvure vergeet? Hy was nie verniet "Minister van Vuurwerke" nie. Ons het ook vir Frans verloor tydens die Covid periode. Hy was 'n staatmaker tydens ons kampe. Intussen het ons weer nuwe lede verwelkom en ons glo dat die Skopsuile in die toekoms van krag tot krag sal gaan.

'n Tradisie was begin om tydens elke kamp 2 ministers vir ons eie kabinet te benoem. Ek as president het nou al kabinet met 8 ministers om my by te staan.

Enigiemand wat wil aansluit of meer inligting wil bekom skakel my gerus .

Dawid Appel (0827750260)

# STRAATMANEWALES

## Kareesingel se mense

As jy ry of loop tot daar waar die paadjie na Negester se reservoir toe gaan, dan is jy in Kareesingel. En, soos elke laan of singel se inwoners sekerlik dink, glo ons 7 gesinne ook dat ons in Utopia beland het die dag toe ons in Negester en spesifiek in Kareesingel ingetrek het.

Hoekom? Want ons is ‘n groepie omgee-mense wat besef dat ons almal mekaar op een of ander stadium in hierdie fase van ons lewe, nodig gaan kry. Ons deel in mekaar se lief en leed, kyk uit vir mekaar, is lief vir mekaar.

Maar wie is die inwoners van Kareesingel? Die nuutste inwoners, wat nog tydelik is tot ongeveer Oktober 2022, is Eben en Marietjie. Ons sien hulle nog net af en toe, maar sien daarna uit om hulle as permanente inwoners te verwelkom en hulle te leer ken. Dan is daar Hiten en Anita. Hiten se oë begin sommer blink as jy oor hengel of jag praat en Anita is baie kreatief met seepmaak en kortstories skryf en dan DJ sy oor naweke op die internet - rock musiek, nogal.

Die singel het ook sy eie emiritus-predikant, Herklaas en afgetrede pastoriemoeder, Riana. Herklaas was baie benoud toe hy hoor Ben word sy buurman, want hy en Quartus het vas geglo Ben het ‘n Vierdie Kabinet in sy motorhuis met lêers oor, onder andere, hulle twee! Riana is Negester se bibliotekaresse. Ben is Negester se "grensbewaker" en sorg saam met sy "bende" dat ons almal altyd veilig kan voel. Alida is soms die rede dat Herklaas dink sy roeping is nog nie voltooi nie…

Na ongeveer 12 jaar in Afrika, het Gerhard en Mari uiteindelik in September 2021 permanent ingetrek. Die wat al vir Gerhard ontmoet het, weet hy praat op ‘n goeie dag sommer sy 7000, sowel as Mari se 12000 woorde op! Gelukkig hou Mari nie van baie praat nie en is sy ‘n goeie luisteraar.

Chris en Elsa is ook nog semi-permanent, maar deesdae is hulle meer hier as in Pretoria. Dis nou wanneer hulle nie in die Kgalagadi of langs die Weskus of iewers op vakansie is en die mooiste foto’s neem nie! Laaste, maar beslis nie die minste nie, is Quartus en Martie. Verwys jy in ‘n gesprek na Martie, dan word daar gereeld gevra: ”die mooi tannie?” en dit is presies wat Martie is, mooi van binne en buite. En Quartus met sy kwinkslae en skerp opmerkings… dis hoe ons geweet het hy kan maar huistoe kom toe hy onlangs gehospitaliseer was!



Foto’s geneem sedert 2017

Dis ons, Kareesingel se mense. Party bly al lank, party het onlangs ingetrek. Veertien vreemdelinge wat ‘n paar jaar terug nog nie van mekaar se bestaan geweet het nie, maar wat hier soos familie geraak het. Wat ‘n straatbraai, oujaarskuier of verjaardagpartytjie met net 1 of 2 whatsapp boodskappe op die Karee “Social” groepie kan reël, wat nie omgee om mekaar te help nie, al is dit net om na Tommie (seker Negester se bekendste huiskat!), Lila of Trompie te kyk, of mekaar se plante water te gee, mense met ‘n gemeenskaplike belang, om as afgetredenes die lewe in die Bosveld te geniet!

Loop gerus tot by Kareesingel met jou volgende stappie en kom ontmoet ons!

# Voël Van Die Maand

## Voëls is die eintlike sterre van Negester

Elkeen van ons het seker ons redes waarom ons besluit het om op Negester te kom woon. Ek sou raai dat die natuur en die omgewing 'n rol gespeel het by meeste mense se besluit. Die droom van 'n eie stukkie Bosveld met 'n Rooibok of Njala wat op die grasperk wei.

Die Bosveldatmosfeer van Negester is iets besonder en die roep van 'n wye verskeidenheid voëls rond dit af. Gaan sit gerus vroegoggend met dagbreek op die stoep met 'n koppie koffie en luister na die oggendkoor soos die voëls saam met jou ontwaak.

Vir my is die kenmerkendste geluid van die Bosveld die gekras van die Bosveldfisant, maar daar is 'n klomp stemme in die koor. In die somer wanneer die Intra-Afrika migrante terug is van hulle somer vakansie in Sentraal en Noord-Afrika, kom die pragtige roep van die Bosveldvisvangers by.

Die groot verskeidenheid koekoeke bly ook nie stil nie. Die Piet-my-vrou, wat die begin van die reënseisoen aankondig, roep amper dag en nag na sy vrou. Hoekom weet nugter want die ou is 'n veelwywer wat met meer as een wyfie paar en wat glad nie ’n verhouding met enige een opbou nie. Piet is duidelik sy gunsteling meisie en hy roep aanhoudend na haar, of sê hy dalk - wie't-my-vrou?

Onder die ander koekoeke is die stamelaar Diederikkie wat heeltyd roep diedidiederik en die Swart Koekoek wat duidelik so uitgeput is deur die reis terug uit Afrika dat hy in stadige aksie sê Ek's-so-sieeeek.

Ander stemme is die van die Tortelduif wat in die oggende roep - Werk-har-der Werk-har-der en na die Boeing oor is roep - Drink-la-ger Drink-la-ger. Die kakofonie wat 'n bende Katlagters opskop kan 'n mens nie mis nie en moenie 'n bende Kakelaars se lawaai weggooi nie. Die Kwêvoël jaag weer almal om hom weg met sy “go away” roep.

Dan is daar die melodieuse roep van die Swartkop Wielewaal en die onheilspellende roep van die Spookvoël. In die verte kan jy ook die Groenvlekduifie hoor wat kla My-ma-is-dood-my-pa-is-dood-my-sussie-is-dood-almal-is-dood-dood-dood.



Spookvoël

Die aanhoudende getink van die Geelblestinker laat ’n mens dink een van die jaagduiwels met sy fiets het ’n pap wiel wat hy met ’n outydse fietspomp probeer pomp! Die Tinker het ’n lang asem en kan tot 300 keer tink, oënskynlik sonder om asem te skep.

Dan is daar natuurlik ook nog die ritmiese geklop teen die bome van die Spegte (houtkappers) op soek na iets om te eet.

Vroegaand roep die Naguiltjies. Die mooiste roep is die van die Afrikaanse Naguil wanneer hy sê “Good Lord deliver us” . Die Rooiwangnaguil se aanhoudende prrrrr klink soos ’n Perkins diesel kragopwekker in die verte en die Donker Naguil se roep klink amper soos ’n jong hondjie se blaf.

Ek kan nog lank aanhou en praat oor die roep van Bospatrysies, Tarentale en Natalse Fisante maar moet iets sê oor kleur, want kleur, is nog ’n belangrike bydrae wat voëls maak om die unieke Bosveld atmosfeer af te rond.

Dink maar aan die skelgeel van die Wielewaal en die pragtige blou van die Bosveld Visvanger en die klein Blousysie. Die vuurvinkies is op hulle beurt weer donkerrooi, amper soos ’n goeie Cabernet. Die Witborsspreeu met sy glansende maroen rug en die glansende donkerblou van die Glansspreeus bring ’n ander dimensie aan die kwessie van kleur. Die veelkleurige Spookvoël en die Suikerbekkies rond alles af.

Negester is geleë in die Waterberg waar daar rekord is van 340 voëlspesies wat die gebied as hulle tuiste beskou. ’n Addisionele ongeveer 100 spesies is gereelde besoekers. Hier op Negester is daar al meer as 150 spesies aangeteken en ek het sonder moeite, op my wandelings elke dag, al 108 spesies aangeteken sedert 1 Januarie 2022.

Ek dink die Bemarkingspan kan die voëllewe as ’n verdere sterk bemarkingspunt gebruik en hulle moet beslis ’n paar fotos van voëls byvoeg op die groot advertensieborde. Die advertensies sal dan baie meer kleurvol wees.

Jan van Biljon